Graad 8 Afrikaans EAT
Lesplan vir kwartaal 1: Week 1 & 2

Naam van les:	**Tyd**: 2 weke (12 uur)
Graad 8: Kwartaal 1: Week 1 & 2	**Vak:** Afrikaans (Eerste Addisionele Taal)

Opsomming van die eenheid

In hierdie eenheid leer leerders hoe om 'n verhalende opstel te skryf asook die kenmerke van 'n literêre teks.

Kurrikulumverwysing

KABV-standaarde Graad 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal Kwartaal 1 Week 1 & 2

Vaardigheid	KABV-vereistes	Aktiwiteite
Luister & praat	Luister- en praatstrategieë: Groepbespreking – dinkskrum ; kies relevante idees; plaas die kerngedagtes in volgordeLuister met begrip: • Opname van kern- en ondersteunende gedagtes d.m.v. notas • Deel idees en ervarings en wys begrip van konsepte • Identifiseer oorredende/ manipulerende tegnieke • Beantwoord vrae	Leerders verdeel in groepe en kry 'n relevante onderwerp waaroor hulle 'n dinkskrum hou en wat hulle bespreek.
Lees & kyk	Literêre tekste, soos jeugverhale: • Algemene bespreking van die belangrikste kenmerke, soos karakter, karakterisering, intrige, konflik, agtergrond, ruimte, verteller en tema Die leesproses: Pre-leesstrategieë: Stel leerders bekend aan: • Tekskenmerke – titels, opskrifte, onderskrifte, illustrasies • Dele van 'n boek – titelbladsy, flapteks, inhoudsopgawe, hoofstukke, woordelys, indeks, bylae, voetnote, ens. Die leesproses: • Pre-lees (lei die teks in) • Tydens lees (kenmerke van die teks) • Post-lees (beantwoord vrae, vergelyk, kontrasteer, evalueer)	Pre-leesstrategieë word aan die leerders bekend gestel en verduidelik. Leerders moet hierdie strategieë op hul voorgeskrewe literêre teks toepas.

© e-classroom 2015

Skryf & aanbied	Skryf ŉ verhalende/besinnende opstel: • Woordkeuse • Persoonlike stem en styl • Lewendige beskrywing • Toon • Kern- en ondersteunende gedagtes • Kopkaarte om samehangende idees te organiseer • Bied opstel vir assessering aan Fokus op die skryfproses: • Beplanning • Konsep • Hersiening • Redigering • Proeflees en aanbieding van finale konsepSkryf ŉ opstel deur die skryfproses te volg	Kies ŉ onderwerp en skryf ŉ verhalende opstel.
Taalstrukture & -konvensies	Die hersiening van taalstrukture en -konvensies wat in vroeër grade onderrig is Woordvlakwerk: bywoorde van plek en graad Sinsvlakwerk: enkelvoudige sinne (onderwerp, gesegde, voorwerp), sinstruktuur Bysinne (bywoordelik en byvoeglik), sinsdele Betekenisleer en woordeskatuitbreiding: sinonieme, antonieme, letterlike en figuurlike betekenis van woorde Lees- en skryftekens: punt, komma,vraagteken, aanhalingsteken,uitroepteken Woordeskat binne konteks Remediërende taalonderrig, na aanleiding van taalfoute tydens skryfaktiwiteite	Beantwoord taalstruktuur- en -konvensievrae.

© e-classroom 2015

Voorbereiding van die onderwyser voor daar met die eenheid begin word:
1. Lees deur die aktiwiteite in hierdie eenheid en raak vertroud met die inhoud en die hulpbronne wat dit vereis. 2. Identifiseer die woordeskat in hierdie eenheid en skryf die woorde op 'n woordelys. Hersien dit gereeld om seker te maak die leerders verstaan en onthou dit. Doen elke twee weke 'n speltoets. 3. Let op wie van die leerders remediëring benodig en beplan daarvolgens deur nog relevante aktiwiteite vir hulle te kry.
Assessering
Informele assessering
In die informele assessering hou die onderwyser verslag van die leerders se vordering wat hulle gemaak het met die doen van die werkkaarte in die verskeie leerareas deur die loop van die twee weke. Kies u eie vorm van informele assessering.
Formele assessering
Daar is formele assessering aan die einde van die kwartaal waartydens al die konsepte hersien en geassesseer sal word.

© e-classroom 2015